
DIE GOUE DRAAK
MEIRING FOUCHÉ

Toe Ulrich Oortman die gawes van die *Goue Draak* in ontvangs geneem het en besluit het om dit net vir homself te hou, het hy klaarblyklik nie besef wat hy homself vir die verre toekoms op die hals haal nie . . .

Toe daar 'n geheimsinnige moord in net so 'n geheimsinnige winkeltjie in die Goudstad plaasvind, en oud-speurder Fabel Retief besluit om hand by te sit in die pogings ter oplossing van die geheim, het hy ook nie kon dink waarheen dit hom sou voer en deur watter dodelike gevare dit hom sou lei nie . . .

FABEL RETIEF

# DIE GOUE DRAAK

*deur*

Meiring Fouché

*Uitgegee deur*
PRONKBOEKE
POSBUS 972, JOHANNESBURG
1961

## INHOUD


| *Hoofstuk* | *Bladsy* |
|---|---|
| 1. Dolk uit die Ooste ... ... ... | 5 |
| 2. Een het Verdwyn ... ... ... ... | 14 |
| 3. Die Vreemdeling ... ... ... ... | 25 |
| 4. In die Klerekas ... ... ... ... | 32 |
| 5. Skat-inventaris ... ... ... ... | 39 |
| 6. Nagwaak ... ... ... ... | 50 |
| 7. Gevaar in die Donker ... ... ... | 63 |
| 8. Die Boemelaar ... ... ... ... | 77 |
| 9. Ontstellende Nuus ... ... ... | 86 |
| 10. Fritz Oortman ... ... ... ... | 97 |


Hoofstuk 1

## DOLK UIT DIE OOSTE

DIT is net na twee uur in die middestad van Johannesburg. Die groot stroom voetgangers het nou verminder want die meeste mense is terug na hul kantore, na hul fabrieke en na hul ander werkplekke. Die strate is byna leeg, vergeleke met die toestand gedurende die drukke etensuur. Die mooi winkels in Commissionerstraat, Eloffstraat, Rissikstraat en die ander is nou kalm, met 'n normale toeloop van kopers.

In sekere winkels is dit nou stil. Só is dit die geval in die klein maar weelderige oudhedewinkel van Ulrich Oortman in Commissionerstraat. Dit is 'n weelderige winkel met lugreëling waar dit in die winter lekker soel is en in die somer weer heerlik koel.

Dit is 'n winkel waarin daar groot kosbaarhede saamgebring is uit alle dele van die wêreld. Daar is kosbare boeddhas, uit die Ooste. Daar is seremoniële wapens uit die hele wêreld. Daar is ou kiste wat nog deur vergange jare se skeepvaarders gebruik is. Pragtige messe wat in vervloë jare gebruik is. Ou horlosies. Juwele, koperware, silwerware, kosbare ameublement.

En op die vloere van Ulrich Oortman se winkel lê daar kosbare tapyte van muur tot muur.

Op hierdie kalm namiddag sit Ulrich Oortman in sy klein kantoor agter sy lessenaar. Hy is onmiddellik daarvan bewus wanneer iemand sy klein maar kosbare winkel binnekom. Hy is heeltemal alleen hier, want Ulrich Oortman hou nie daarvan om 'n assistent aan te hou nie. Hy maak genoeg geld met min items sodat hy die winkel alleen kan bestuur. Hy weet hoe lank dit hom neem om

enige assistent te leer wat die onderskeie items in sy klein winkel kos. En die meeste assistente gee 'n mens net ergernis.

'n Eienaardige man hierdie Ulrich Oortman. 'n Man wat deur die jare baie geld bymekaar gemaak het. Hoewel sy winkel so klein is, word hy gereken as een van die suksesvolste besigheidsmanne in Johannesburg. Dit weet die sakelui, maar die gewone publiek weet dit nie omdat Ulrich Oortman 'n geslote man is. Hy praat omtrent nooit met enige mens nie, hy kom net soggens in, laat die naturel sy winkel skoonmaak en smiddae sluit hy dit toe en gaan na sy weelderige woonstel iewers in die noordelike voorstede.

Op die oomblik toe Ulrich Oortman op hierdie bepaalde middag agter sy lessenaar sit, kom 'n man met Commissionerstraat af. Nie 'n besonderse man nie, ook nie baie opvallend nie. Hy stap op sy gemak, byna rustig, maar in sy oë is daar iets wakker en opmerksaam. Hy bekyk mense wat na hom toe aangestap kom en hy bekyk mense wat van hom af wegstap.

Toe die man by die winkel van Ulrich Oortman kom, gaan hy stil staan en heeltemal normaalweg, sonder om die aandag te trek, sonder om opvallend te wees, kyk hy na die kosbaarhede wat op fluweel in Ulrich Oortman se winkelvenster uitgestal word. Die man wat daar staan, kry 'n koue sensasie toe hy daar so voor die deur staan. Hy kyk na links, hy kyk na regs en hy sien dat hierdie deel van die straat op die oomblik redelik verlate is.

Hy vee eenmaal oor sy gesig en toe gaan hy die winkel van Ulrich Oortman binne.

Op daardie oomblik toe die man geluidloos oor die drumpel tree en by die vertoonkaste verbygaan die winkel binne, sit twee man omtrent vierhonderd tree daarvandaan in 'n luukse-restaurant aan hul koffie en drink.

Die een is lenig gebou, sterk, donkerharig met twee wynbruin oë, sterk belynde gelaatstrekke en 'n prominente voorkop. Hy is 'n aantreklike man, intensief, opgewek en vol innerlike krag. Sy naam is Fabel Retief. Sy metgesel is skralerig en kort, met 'n welgevormde liggaam en twee intelligente oë. Hy is kaptein Melt Myburgh, van Marshallplein. 'n Kaptein in die speurdiens.

Hulle is 'n bietjie haastig oor hul koffie want dit is tyd vir kaptein Melt Myburgh om terug te gaan na sy kantoor, maar hy en Fabel het so lekker gesels dat hulle hul tyd 'n bietjie verspeel het met die etery.

„Kry jy nooit lus om terug te kom na Marshallplein toe nie, Fabel?" vra Melt Myburgh.

„Ja, nogal," antwoord Fabel. „Dit lyk vir my as 'n man eenmaal 'n speurder was dan kom dit in jou bloed. Maar ek dink ek hou tog meer van my plaas in Oos-Transvaal. Ek is suksesvol daar; dit is rustig en ek sal nie graag daarvan wil afskeid neem nie. Hoe opwindend my loopbaan in die speurdiens ook al was, ek dink tog ek verkies die boerdery."

„Jy is 'n gelukkige man," sê Melt. „Ek verlang weer baie dae na die platteland. Dit is waar ek opgegroei het. Maar, nou wel," sê hy met 'n sug, „die speurdiens is my loopbaan en ek sal daarmee moet volhou totdat ek eendag aftree. Dit was lekker om weer 'n slag met jou te gesels, ou Fabel. Baie maal wanneer ons hier met 'n netelige ding besig is, kry ek lus om jou te bel om te kom help."

Fabel Retief glimlag net beskeie en drink weer 'n slag aan sy koffie. Hoewel hy beskeie glimlag, voel hy tog dat Melt Myburgh genoeg rede het om so 'n kompliment aan hom te maak. Voordat hy besluit het om uit die speurdiens te tree en die pragtige tropiese vrugteplaas van sy vader in die Transvaalse laeveld te gaan oorneem, was vrygesél Fabel Retief een van die skitterendste speurders in Suid-Afrika.

Van die geheimsinnigste misdade het hy opgelos, van die mees tergendste moorde het hy ontrafel, sodat sy reputasie selfs in die buiteland bekend geraak het by die beroemde Scotland Yard, by die Amerikaanse F.B.I. en by

die Franse Sureté. Partykeer voel Fabel Retief 'n bietjie weemoedig omdat hy die speurdiens verlaat het, hoewel hy maar 'n man is van vroeg in die dertig. Wanneer hy terugdink aan sy loopbaan, aan sy vinnige en skouspelagtige bevordering, wonder hy dikwels of hy nie maar in die speurdiens moes bly nie.

Maar wanneer hy weer op sy plaas is, wanneer hy kyk na die kragtige groei van alles, wanneer hy kyk na hoe netjies alles ingerig is, dan weet hy weer dat sy geluk op Saffier lê.

„Het julle iets interessants op die oomblik?" vra Fabel.

„Nee dit is nogal danig stil," sê Melt. „Party dae voel dit vir my asof ek nie my geld verdien nie." Melt Myburgh glimlag en sy blou oë skitter.

„Dan kan jy byna hoop dat daar iets moet gebeur, nie waar nie?" sê Fabel.

„Ja," antwoord Melt, „'n mens kan byna hoop dat iets weer moet gebeur."

Die twee mans het hul koffie klaar gedrink en vir hulle was hierdie 'n aangename uurtjie omdat hulle in die verlede nie alleen goeie kollegas was nie maar ook intieme vriende.

Dit is net toe hulle opstaan dat 'n kelner vinnig na hulle toe gedraf kom. Hy kom buig ewe sjarmant en vra vir Melt of hy kaptein Melt Myburgh van die polisie is.

„Dit is reg," sê Melt.

„Sal u so goed wees om na die telefoon te kom, Kaptein?" vra die kelner. „Daar is iemand wat dringend met u wil praat."

Melt Myburgh stap vinnig agter die kelner aan. Fabel kyk na die vinnige, energieke beweging van sy liggaam.

Melt bly seker drie minute weg. Toe kom hy terug en toe Fabel na hom kyk, sien hy onmiddellik dat sy oudkollega se gesig drasties verander het. Hy is nie meer die vrolike Melt van 'n paar oomblikke gelede nie. Sy gesig lyk stroef en gespanne. Hy kom raap sy pet en sy offisierstaf onmiddellik op. „Ek is bevrees ek moet onmiddellik gaan, Fabel," sê hy. „Iets het gebeur."



Fabel staan vinnig op.

„Dit lyk byna asof die noodlot ons woorde van 'n rukkie gelede gehoor het," sê Melt. „Daar het nou iets gebeur en dit lyk na iets groots. Marshallplein het nou net gebel. 'n Moord in Commissionerstraat."

„'n Moord?" vra Fabel. „In Commissionerstraat? Helder oordag? Hierdie tyd van die dag?"

Melt knik. „Ja," sê hy, „'n moord op hierdie tyd van die dag in 'n winkel in Commissionerstraat. Gaan jy saam?"

„Ja, ek dink ek gaan 'n bietjie saam," antwoord Fabel want daar is iets aan die gelaat van sy vriend wat hom interesseer, iets wat hom die indruk gee dat hierdie nie 'n gewone moord is nie. Nie 'n geval waar 'n naturel 'n winkel binne gegaan het en iemand het 'n mes gesteek het of met 'n rewolwer geskiet het nie.

Hulle haas hulle by die restaurant uit, vat die straat, stap twee blokke, toe swaai hulle af in Commissionerstraat en byna onmiddellik sien hulle die samedromming van mense voor 'n winkel.

Toe hulle daar aankom, bevind hulle dat 'n paar konstabels hul hande vol het om die nuuskieriges uit die winkel weg te hou.

Dit is die winkel van Ulrich Oortman.

Toe Melt Myburgh en Fabel binnestap, neem Melt onmiddellik bevel oor. Hy gelas 'n speurdersersant om die deur van die winkel te sluit. 'n Konstabel lei hulle na Ulrich Oortman se klein kantoortjie.

Daar tref hulle 'n geneesheer en twee polisiemanne aan.

Ulrich Oortman, 'n lang skraal man met 'n grys kop en 'n sterk neus wat jou byna aan die snawel van 'n arend herinner, sit in sy stoel dood.

Hy sit vooroor op sy lessenaar. Skynbaar het hy so vooroor geval toe sy aanvaller hom getref het. Melt en Fabel kom voor die kosbare outydse lessenaar aan en

Melt Myburgh skiet 'n vraag uit na die geneesheer. „Is hy dood?"

„Ja, hy is morsdood," antwoord die geneesheer. „Hy was dood toe ek binnegekom het."

Toe vra Melt 'n vraag aan een van die polisiemanne. „Geskiet?"

„Nee hy is nie geskiet nie, Kaptein," antwoord die polisieman onderdanig, staan vorentoe en buig die geboë lyk van Ulrich Oortman agteroor.

Melt Myburgh frons diep. Selfs die geharde Fabel Retief hyg 'n slag na sy asem.

Dit is 'n grusame toneel wat hulle aanskou en ook 'n baie besonderse toneel. Nee, Ulrich Oortman is bepaald nie geskiet nie. In sy smal bors deur sy duur hemp, in die middel van 'n helderrooi bloedkol, glinster 'n lang dun dolk met 'n pragtige hef. As die toneel nie so aaklig was nie, sou Fabel Retief seker heel eerste die hef raakgesien het. Daardie hef is van suiwer, glinsterende ivoor en in die ivoor is 'n paar pragtige edelgesteentes ingelê—robyn, smarag en diamant.

Melt Myburgh kyk na Fabel en Fabel kyk na hom. 'n Duisend gedagtes skiet hulle onmiddellik deur die brein. Die winkel was oop, op hierdie tyd van die dag kon enigiemand te eniger tyd hier ingestap gekom het, en tog—hier sit die eienaar met 'n dolk in sy bors.

„Hoe lank was hy dood toe u binnekom?" vra Melt vir die geneesheer.

„Dit kon nie meer as vyf minute gewees het nie," antwoord die man. „Ek het toevallig hier verby gekom toe ek die polisie hier sien en mense hier sien saamdrom. Ek het binnegekom en hom ondersoek. Hy was dood. Soos ek sê, seker skaars vyf minute."

„Wie het hom hier gevind?" vra Melt.

„'n Vrou, Kaptein," antwoord een van die konstabels.

„Bring haar onmiddellik hier," sê Melt. Hulle bring 'n verskrikte, byna histeriese vrou na die klein kantoor. Sy is welgeklee en sy het skoon die bewerasie.



„Het u die lyk ontdek?" vra Melt. „Kalmeer uself. Daar is niks om voor bang te wees nie."

„Ek het hier ingestap gekom," sê die vrou, „om iets te koop. Dit was net na twee uur. Hier was niemand in die winkel nie. Ek het effens rondgestaan en toe 'n snaakse geluid gehoor, byna soos 'n geroggel. Ek het by die oop deur van die kantoortjie ingekyk en die man daar so sien sit. Ek het uitgehardloop en alarm gemaak."

„Het u iemand uit die winkel sien kom?" vra Melt.

„Nee, niemand nie," antwoord sy. „Ek het niemand hier sien uitkom nie. Die winkeltjie was heeltemal verlate toe ek binnekom. As ek daardie geluid nie gehoor het nie, sou ek seker weer uitgestap het."

„Dankie, dame," sê Melt. „Dankie vir u inligting. Ek is bevrees ons sal u naam en adres moet neem ingeval ons u weer nodig kry."

Die vrou verstrek haar naam en adres gewilliglik aan 'n konstabel en Melt laat haar toe om te gaan.

Hy wend hom tot een van die konstabels. „Bel Marshallplein en vra Pienaar om onmiddellik hierheen te kom," beveel Melt. Sersant Pienaar is 'n deskundige op vuurwapens en alle ander wapens. Daar is omtrent nie 'n mes, 'n dolk, 'n sabel, 'n swaard, 'n rewolwer of 'n geweer waarvan sersant Pienaar, van Marshallplein, nie die herkoms ken nie.

Melt en Fabel begin die toneel deurkyk. Alles in die klein kantoor is in perfekte orde. Daar is nie 'n laai wat oopstaan nie, daar is nie 'n papier uit sy plek nie, niks is verkeerd nie. Selfs op die glasblad op die outydse luukselessenaar van Ulrich Oortman is niks verkeerd nie. 'n Doos sigare staan oop. En 'n inkstel is onverstoord. 'n Houtmandjie met 'n aantal papiere daarin staan perfek reg.

Selfs die portret op 'n hoek van die lessenaar staan nog net waar dit moet staan. So ook die portret van 'n pragtige meisie wat so aantreklik vir die wêreld glimlag.

Tog is alles nie so heeltemal onverstoord nie. Melt en